

11.1.2 APPÈL BR HG KRUGER TEEN 'N BESLUIT VAN OOSTELIKE PARTIKULIERE SINODE OOR DWAALLEER INSAKE CHRISTUSAFBEELDINGS (Artt 11, 12, 117, 194)

Die Sinode gaan in camera.

- A. Br HG Kruger stel die Appèl.
- B. Geen toeligting van die Partikuliere Sinode nie.
- C. Geleentheid word gegee vir vrae en bespreking.
- D. **Besluit:** Verwys na Appèlkommissie (Kommissie 2).
- E. Ds GJ Meijer rapporteer namens die Appèlkommissie.
- F. Geleentheid word gegee vir repliek deur die appellant.
- G. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Partikuliere Sinode.
- H. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Appèlkommissie.
- I. Die afgevaardigdes van die Oostelike Partikuliere Sinode neem nie aan die stemming deel nie.

F. APPÈL

Die volgende stukke is aangeheg by die Appèl:

Bylae 1: Kennis van die Appèl (November 2005).

Bylae 2: Klag teen dr Vermeulen (November 2004).

Bylae 3: Kerkraad Witbank se antwoord op die klag (Maart 2005).

Bylae 4: My Appèl (Augustus 2005) op Klassis Lydenburg van September 2005.

Bylae 5: Uittreksels uit Klassis Lydenburg (September 2005) se Notule in antwoord op my Appèl.

Bylae 6: My Appèl op die Oostelike Partikuliere Sinode (November 2005).

Bylae 7: Oostelike Partikuliere Sinode se antwoord (November 2005).

Bylae 8: My uitnodiging aan Oostelike Partikuliere Sinode (November 2005) om met my te skakel as daar onduidelikhede in my Appèl sou wees.

Bylae 9: HG Kruger, Christusafbeelding in die lig van die Skrif, referaat gelewer tydens die 7e Suid-Afrikaanse Calvynnavoringskongres, September 2004, Stellenbosch.

Hierdie Appèl is gewysig nadat ek die vorm van die oorspronklike Appèl (30 November 2005) met 'n predikant bespreek het en sy waardevolle insette my in staat gestel het om die regskenking wat ek wil aantoon, moontlik duideliker uit te wys. My opregte dank aan hom. Ek het ook intussen die geleentheid gekry om 'n verwante Appèl uit die Suidelike Partikuliere Sinode te bestudeer en daarvan idees wat van toepassing is, geleen het.

1. Agtergrond

- 1.1 Die saak volg op 'n brief wat dr Vermeulen in *Die Kerkblad* geplaas het oor die film "Passion of the Christ" (*Kerkblad*, Aug 2004). Daar skryf hy: "Hy het fisies as mens op aarde kom leef ... As daar destyds kameras was, sou hulle Hom kon afneem. Niks sou iemand verhoed om selfs 'n skets van Jesus as mens te maak nie ... Daarom is ek van oortuiging dat die Tweede Gebod nie oortree word nie."

- 1.2 Nadat ondergetekende die weg van Matt 18 met dr Vermeulen vrugteloos gestap het plaas ons 'n klag teen hom insake dwaalleer oor Christusafbeeldings. In ons klag stel ons die volgende: “Ons wil graag onder u aandag bring dat 'n klag deel vorm van tug, wat liefde is. Ons wil ook aan u die versekering gee dat dit ons gesindheid is om altyd vas te hou aan die waarheid in liefde, liefde in waarheid – Ef 4:15. Dit is die geheim om suksesvol om te gaan met jou medegelowiges binne en buite die kerk. Ons doelwit is nie om iemand weg te dryf nie, maar met waarheid en liefde op die pad te kry en te hou.”
- 1.3 Die Kerkraad beantwoord nie die gronde van ons klag nie (Bylae 3).
- 1.4 Die doel van die Appèl is om aan te toon dat die Kerkraad nie die klag teen dr Vermeulen bevredigend behandel het nie en daarom reg gekrenk het. Die gevolg van die geslaagde Appèl sal wees dat die Kerkraad ons klag behoorlik antwoord, sodat daar hopelik geen illusies oor wat reg of verkeerd is verder sal kan bestaan nie. Omdat dit vir my lyk of God se eer in gedrang is, en bly, itv dr Vermeulen se gepubliseerde siening, kan ek nie anders as om my daarvoor te beywer nie.
- 1.5 In die klag teen dr Vermeulen (Bylae 2) probeer ons aantoon dat sy GEPUBLISEERDE siening oor Jesusfilms bots met die 2e Gebod. Daarvoor voer ons regsgronde by die Kerkraad aan.
- 1.6 Volgens die Kerkraad se antwoord lyk dit of die proses tot by die sogenaamde voorondersoek gekom het om die klag wel gedeeltelik behandel en gedeeltelik beantwoord is (vgl Bylae 3). Die klag is ter tafel geneem onder voorsitterskap van die konsulent en dit lyk asof die predikant geleentheid gehad het om hom te verweer teen die klag want die Kerkraad antwoord ons as volg: “Dat in die lig van die ondersoek gedoen deur die eerwaarde Kerkraad die leraar die Tweede Gebod verstaan soos verklaar in die Belydensskrifte en dit onderskryf.”
- 1.7 Volgens procedure by 'n klag, moet die Kerkraad besluit of die klag ontvanklik is of nie. Daar is effens verskil oor wat die gevolg van ontvanklikheidsverklaring beteken. Spoelstra, Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering, p434-5 is van mening dat die ampsdraer dadelik voorlopig geskors word as die klag formeel ontvanklik verklaar word. Die Kerkraad kan dan volgens diskresie eers verder ondersoek instel (ook by 'n klag teen 'n predikant) om vas te stel of die klag gewigtig is al dan nie. “Kragtens KO, art 30 behartig die Kerkraad die ondersoek, aanhoor van getuienis, gesprekke... (Spoelstra:435). Visser, Die Kerkorde in Praktyk, p290-1) beskou voorlopige skorsing reeds as 'n dissiplinêre maatreël en pas dit eers toe nadat die voorlopige ondersoek afgehandel is en daar 'n waarskynlikheid bestaan dat die klag gegrond is ('n *prima facie* saak bestaan).
- 1.8 Hoe dit ook al sy, beide (Spoelstra en Visser) gee geleentheid dat die klag aan die aangeklaagde gestel word met tyd vir voorbereiding op 'n geleentheid om sy kant van die saak te stel, asook dat die persone wat die klag gestel het, aangehoor word as getuienis. Dit is ook logies want beide kante van 'n saak moet **gehoor**¹ word om vas te stel of daar gewigtige gronde is al dan nie.
- 1.9 Dit kom voor asof die Kerkraad wel die predikant ondervra het (Bylae 3) soos in 1.6 hierbo ook beredeneer is. Die Kerkraad het die klaers egter nie fisies **gehoor**¹ nie,

¹ Volgens die algemene reg wat op die Negende Gebod geskoei is, moet beide kante van 'n saak, afgesien van skriftelike getuienis, fisies, dmv MONDELINGE getuienis AANGEHOOR word, om behoorlik te kan oordeel.

wat die indruk skep dat die Kerkraad nie die onpartydige regspraak van Christus ernstig opneem nie.

- 1.10 Die gevolg is dat die Kerkraad nie ons gronde van die klag opgeweeg het itv die GEPUBLISEERDE siening van die predikant tov Christusafbeeldings nie en krenk hulle reg ingevolge KO, art 30. Die antwoord van die Kerkraad (Bylae 3) gee glad nie 'n antwoord op ons gronde nie, maar verklaar slegs dat die predikant die 2e Gebod reg verstaan en onderskryf.
- 1.11 Ons insiens (reg of verkeerd, wat nie nou ter sprake is nie, net soos die klag nie ter sprake is nie) is die predikant se GEPUBLISEERDE siening onversoenbaar met die 2e Gebod. Die Kerkraad se antwoord op ons klag ignoreer ons gronde waarop ons dit probeer aantoon.
- 1.12 Daarna skryf dr Vermeulen in *Die Kerkblad* van Mei 2005: “Verklaring insake ‘Passion of the Christ’ – Na aanleiding van enkele klagtes ten opsigte van my artikel in *Die Kerkblad* van Augustus 2004 die volgende verklaring: Ek verstaan die Tweede Gebod soos verklaar in die Belydenisskrifte en verwerp alles wat daarmee in stryd is.”
- 1.13 Dr Vermeulen herroep nie sy skrywe oor afbeeldings van Christus in *Die Kerkblad* van Augustus 2004 nie. Totdat 'n gepubliseerde standpunt in die openbaar herroep word, staan die GEPUBLISEERDE standpunt as die amptelike standpunt van die skrywer. Die Kerkraad se bedenkbare hantering van die saak het dus tot gevolg dat daar nou 'n openbare getuienis (*Kerkblad*) in die lug hang wat stel (reg of verkeerde) dat daar geen spanning tussen Christusafbeeldings / Jesusfilms en die 2e Gebod sou bestaan nie.
- 1.14 Dit is volgens die prosedure by Appèl (Sinode 1939 en 1991) my reg om die Appèl in my eie woorde te stel. Agv afstand kon ek nie die Partikuliere Sinode bywoon nie. Ek het my selfoonnommer verskaf in die Appèl (Bylae 5), sou die Kommissie onduidelikheid hê oor my Appèl. Die Partikuliere Sinode maak nie van die versoek (Bylae 8) gebruik nie.
- 1.15 Die Partikuliere Sinode bevind (Bylae 6): “Die Partikuliere Sinode kan nie die broeder se Appèl hanteer nie, aangesien daar dan op die klag ingegaan moet word in die afwesigheid van die betrokkenes, en 'n klag nie tuishoort op die tafel van die Sinode nie.”
- 1.16 Dit was nooit my bedoeling dat die Partikuliere Sinode die klag teen dr Vermeulen behandel nie. Die klag was nie ter tafel nie, maar 'n Appèl met regsgronde in my eie woorde. Ek verstaan dat 'n klag by die Kerkraad tuishoort, soos ek in 1.3 hierbo aangedui het. Al wat ek in my Appèl wil aantoon is dat die gronde van ons klag nie beantwoord is nie, wat regskrenking volgens KO, art 30 veroorsaak. Verdere regskrenking word veroorsaak omdat daar 'n indruk in die openbaar (*Kerkblad*) geskep word dat daar geen spanning tussen Christusafbeeldings en die 2e Gebod bestaan nie. Indien ons gronde water hou word God se eer dus aangetas, wat verswarend sou wees.
- 1.17 Die Partikuliere Sinode beveel ons aan dat die aangewese weg sou wees om die saak weer as 'n Beswaarskrif op die Kerkraad se tafel te plaas (Bylae 6, 4.2 en 5.2). Die advies is ons insiens problematies omdat die Kerkraad bloot die Beswaarskrif onder KO, art 46 onontvanklik kan verklaar. Waar staan ons dan en wat sou ons dan te doen staan? Ons “mag nie” die materie van die klag buite die Kerkraadstafel gebruik nie, en ons beswaar dat God se eer aangetas word sou dan in 'n skaakmat posisie geplaas word. Ons kan potensieel na die betrokke

meerdere vergaderings in 2006 appelleer, maar waarom sal hulle anders besluit as om ons maar weer terug te verwys na die Kerkraad?

- 1.18 Omdat dit oor God se eer gaan, mag die een raad van God (NGB, art 30 – wat die Kerkraad, Klassis en Partikuliere Sinode as konsentriese sirkels insluit)² nie onverskillig staan teen beroepe op regspraak nie. Om regspraak te verkry is dit ons insiens nodig dat die Kerkraad deur die beproefde weg van die geslaagde Appèl ons gronde van die oorspronklike klag beantwoord.

2. Besluit waarteen geappelleer word

“P5.1 Aanbeveling goedgekeur.” [Met P5.1 wat lui: “Br Kruger se Appèl word nie verder hanteer nie” met verwysing na P4.1 (Bylae 6).]

2.1 Appèlgrond 1

(a) Die Partikuliere Sinode krenk reg omdat hulle my gronde van Appèl as gronde van ‘n klag beskou, terwyl dit nooit my bedoeling was nie. (b) Die Partikuliere Sinode krenk voorts reg omdat hulle nie van my uitnodiging gebruik maak om met my te skakel nie aangesien ‘n oproep sodanige onduidelikheid kon verwyder het. (c) Die Partikuliere Sinode krenk reg omdat die Kerkraad se versuim, om nie ons gronde van die klag itv die predikant se GEPUBLISEERDE siening oor Christusafbeeldings te beantwoord nie, veroorsaak dat regspraak wat God se eer betref in die lug hang. (d) Laastens krenk die Partikuliere Sinode reg onder die beginsels van KO, artt 16, 23, 55; NGB, artt 7 en 30 omdat daar ‘n situasie in die openbare kerklike publikasie bestaan, en gaan voortduur, waar dit voorkom asof die Woord nie genoegsaam is om aan ons volledig te beskryf wat die korrekte inhoud van ons diens aan God ook itv die 2e Gebod moet wees nie.

2.2 Motivering

2.2.1 *(a) Die Partikuliere Sinode krenk reg omdat hulle my gronde van Appèl as gronde van ‘n klag beskou, terwyl dit nooit my bedoeling was nie.*

2.2.1.1 “Die Partikuliere Sinode kan nie die broeder se Appèl hanteer nie, aangesien daar dan op die klag ingegaan moet word in afwesigheid van die betrokkenes en ‘n klag nie tuishoort op die tafel van die Sinode nie” (Bylae 6). Ons bedoeling was nooit dat die klag teen dr Vermeulen behandel word nie. Ek wil slegs aantoon dat die gronde van ons klag gewig dra en omdat dit nie beantwoord is deur die Kerkraad nie, ons reg gekrenk is. Die gevolg van die geslaagde Appèl sal wees dat die Kerkraad ons klag ter tafel moet neem en ons gronde vir die klag moet beantwoord. Dit is al wat ek ook wil bereik met my beroep op regspraak.

2.2.2 *(b) Die Partikuliere Sinode krenk voorts reg omdat hulle nie van my uitnodiging gebruik maak om met my te skakel nie aangesien ‘n oproep sodanige onduidelikheid kon verwyder het.*

2.2.2.1 In my skrywe aan die Korresponderende Kerkraad van die Oostelike Partikuliere Sinode (Bylae 8) rig ek ‘n uitnodiging dat die Appèlkommissie of die Partikuliere Sinode my skakel indien daar onduidelikheid in my Appèl is. My selfoonnommer word in my Appèl verskaf by my adres. Na wat ek verneem is die punt spesifiek in die behandeling van my Appèl genoem, maar die Partikuliere Sinode verkies om nie van die uitnodiging gebruik te maak nie.

² Vgl LS Kruger, HLM du Plessis, B Spoelstra en TT Spoelstra, Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p178.

- 2.2.2.2 Sou hulle van my uitnodiging gebruik gemaak het om my te skakel, het daar 'n kans bestaan dat die onduidelikheid uitgeskakel kon word. Vgl die gesindheid wat daar by bedienaars van Christus behoort te wees by kerklike regspraak (LS Kruger *et al.*, p199 en Spoelstra, p423) om die appellant behulpsaam te wees om sodanige onduidelikhede uit te skakel, omdat dit uiteindelik oor God se reg en Waarheid gaan.
- 2.2.3 (c) *Die Partikuliere Sinode krenk reg omdat die Kerkraad se versuim, om nie ons gronde van die klag itv die predikant se GEPUBLISEERDE siening oor Christusafbeeldings te beantwoord nie, veroorsaak dat regspraak wat God se eer betref in die lug hang.*
- 2.2.3.1 Soos bo by die agtergrond van die saak aangetoon (vgl 1.9, 1.10 en 1.11), is die behandeling van die klag deur die Kerkraad bedenklik en bestaan daar in ons gemoed vrae oor die onpartydigheid van die Kerkraad se hantering van die klag. Soos ook bo aangetoon (1.17) kan die Kerkraad volgens KO, art 46 enige verdere beswaar van ons onontvanklik verklaar omdat die saak volgens hulle afgehandel is. Totdat ons suksesvol teen die Kerkraadsbesluit appelleer, staan die huidige besluit van die Kerkraad en bly die gronde van ons beswaar, wat ten doel het om God se eer te verdedig en te bevorder, in die lug hang.
- 2.2.4 (d) *Laastens krenk die Partikuliere Sinode reg onder die beginsels van KO, artt 16, 23, 55; NGB, artt 7 en 30 omdat daar 'n situasie in die openbare kerklike publikasie bestaan, en gaan voortduur, waar dit voorkom asof die Woord nie genoegsaam is om aan ons volledig te beskryf wat die korrekte inhoud van ons diens aan God ook itv die 2e Gebod moet wees nie.*
- 2.2.4.1 Volgens NGB, art 7 is die Woord van God volmaak en beskryf dit aan ons volledig wat die inhoud van ons diens aan God moet wees (ook itv die 2e Gebod). Agv die Kerkraad se versuim om die gronde van ons klag te beantwoord, bestaan daar nou 'n onaanvaarbare situasie waar dit voorkom asof daar onduidelikheid in die Skrif is oor die inhoud van ons diens aan God tov die 2e Gebod en Jesusfilms:
- 2.2.4.1.1 Dr Vermeulen skryf in die openbaar dat hy die 2e Gebod reg verstaan en dit onderskryf en dat Jesusfilms nie 'n oortreding van die 2e Gebod is nie.
- 2.2.4.1.2 Die gemeenakkoord in die GKSA is dat Jesusfilms wel in botsing met die 2e Gebod staan. Vgl HK, v/a 96 en 97; Calvyn se Institusie; *Vroueblad*, Sept 1980 – Redaksionele artikel oor “Oberammergau en die 2e Gebod”; *Kerkblad*, 14 Jul 1999 – Dr Nico Lemmer; *Kerkblad*, 4 Julie 2001 – artikel waarin ds R Bain die artikels van dr Neels Smit in die *Vroueblad* Skrifgetrou afwys; *Waarheid en Dwaling*, Okt 2005 – Gert Kruger oor beginsels uit die Skrif oor die 2e Gebod soos deur Calvyn afgelei.
- 2.2.4.2 Ons is veronderstel om eensgesind te wees (vgl Rom 15:5,6; Fil 2:2; Fil 3:16; 1 Pet 3:8; Ef 1:8; Fil 1:26; Heb 4:14). Hierdie eenheid vloei daaruit dat ons ingeplant is in Christus die ware wynstok (Matt 7:18; Joh 15:5). Hierdie eenheid is vir Christus baie belangrik, sodanig dat Hy God smeek dat ons een sal wees in Hom en in God “sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het” (Joh 17:21). Die eensgesindheid sluit ons Belydenis in (Heb 4:14) dat ons in God se rus sal ingaan (Heb 4) as ons die Woordverkondiging (Heb 4:2) in geloof aanneem en aan die Woord (ingeslote die Wet en die 2e Gebod oor Christusafbeeldings) gehoorsaam is (Heb 4:6,11 en 12).

- 2.2.4.3 Ons insiens versteur die GEPUBLISEERDE siening van dr Vermeulen hierdie eenheid in Christus. Dr Vermeulen skryf dat Jesusfilms/afbeeldings nie in botsing met die 2e Gebod kom nie (*Kerkblad*, Aug 2004) terwyl dit ons oortuiging is (reg of verkeerd) dat Christusafbeeldings soos in die betrokke Jesusfilm *God se Wil* wat Hy vir ons met sy eie vinger neergeskryf het, minag.
- 2.2.4.4 Ondergetekende staan dan ook nie onverskillig teenoor ons verantwoordelikheid om studie te doen oor die saak nie en om God se Wil soos dit vir ons in die Woord opgeskryf is na te vors nie. Aangeheg is 'n studiestuk (Bylae 9) wat een van die ondergetekendes tydens 'n Calvynkongres gelewer het. 'n Verkorte weergawe van die referaat is ook in *Waarheid en Dwaling* gepubliseer is (Okt 2005).
- 2.2.4.5 Ons insiens sou die geslaagde Appèl op die Oostelike Partikuliere Sinode tot gevolg gehad het dat die "onduidelikheid" oor die toepassing van die 2e Gebod op 'n ordelike manier ter tafel geneem word deur die Kerkraad, sodat dit op die tafel waar dit hoort, in die lig van die Skrif uitgeklaar kan word.
- 2.2.4.6 Ons insiens het die Partikuliere Sinode reg gekrenk omdat hulle verantwoordelikheid het om op 'n geestelike wyse te regeer (vgl die beginsels van KO, artt 16,23, 55 en NGB, art 30) sodat Christus se wil oor ons eenheid (vgl Joh 17:21) kan seëvier. Die Partikuliere Sinode krenk ook reg omdat die gevolg van die tweespalt in die Kerk oor Christusafbeeldings negatief op die geloof van die wêreld, die God Christus gestuur het, inwerk. Ons insiens sal die geslaagde Appèl 'n effektiewe, direkte en beproefde manier wees om Christus se reg itv die 2e Gebod weer op die regte spoor terug te plaas.

J. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE

1. Opdrag

Oorweeg die Appèl van br HG Kruger teen genoemde besluit en adviseer die Sinode of regskenking plaasgevind het.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

2.1 *Werkwyse*

2.1.1 Die betrokke Appèlskrif met sy Bylaes is bestudeer.

2.1.2 Die appellant sowel as 'n toeliger van Oostelike Partikuliere Sinode is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Tersaaklike historiese verloop*

2.2.1 In *Die Kerkblad* van Augustus 2004 skryf dr PJ Vermeulen, predikant van die Gereformeerde Kerk Witbank, 'n brief in verband met die film *Passion of the Christ* waarin hy onder andere sê: "Hy (Christus) het fisies as mens op aarde kom leef ... As daar destyds kameras was, sou hulle Hom kon afneem. Niks sou iemand verhoed om selfs 'n skets van Jesus as mens te maak nie ... Daarom is ek van oortuiging dat die tweede gebod nie oortree word nie."

2.2.2 Br Kruger oordeel dat dr Vermeulen se stelling van dwaalleer getuig en spreek hom ooreenkomstig Matteus 18 hieroor aan.

- 2.2.3 Aangesien die gesprek nie die gewenste resultate gehad het nie, lê br Kruger op 16 November 2004 'n klag by die Kerkraad.
- 2.2.4 Die Kerkraad neem aanvanklik kennis van die klag (21-11-2004), verwys dit na die bedieningskommissie om die ontvanklikheid daarvan te beoordeel, en besluit om dit te behandel (23-01-2005).
- 2.2.5 Onder leiding van die konsulent word die klag op 13-03-2005 deur die Kerkraad behandel. In 'n brief aan die appellant gee die Kerkraad hulle besluit aan hom deur: "Dat in die lig van die ondersoek gedoen deur die eerwaarde Kerkraad, die leraar die Tweede Gebod verstaan soos verklaar in die Belydenisskrifte en dit onderskryf".
- 2.2.6 In *Die Kerkblad* van Mei 2005 skryf dr Vermeulen 'n verklaring insake sy brief oor *Passion of the Christ*: "Na aanleiding van enkele klagtes ten opsigte van my artikel in *Die Kerkblad* van Augustus 2004, die volgende verklaring: Ek verstaan die Tweede Gebod soos verklaar in die Belydenisskrifte en verwerp alles wat daarmee in stryd is".
- 2.2.7 Op 19 Augustus 2005 appelleer br Kruger teen die uitspraak van die Kerkraad insake sy klag na Klassis Lydenburg. In sy Appèl stel hy drie gronde
- 2.2.7.1 Appèlgrond 1: Enige afbeelding van die menslike (en Goddelike natuur) van Christus bots teen die Skrif en ons Belydenis. Die Kerkraad krenk dus reg deur te beweer dat dr Vermeulen die belydenis ten opsigte van die Tweede Gebod onderskryf, terwyl sy amptelik gepubliseerde standpunt oor die Jesusfilm is: "Daarom is ek van oortuiging dat die Tweede Gebod nie oortree word nie".
- 2.2.7.2 Appèlgrond 2: Dr Vermeulen se gepubliseerde siening (*Die Kerkblad*, Augustus 2004) oor Jesusfilms wat nie die Tweede Gebod oortree as Christus deur 'n akteur afgebeeld word nie, bots met die Skrif en ons belydenis ten opsigte van die 3-eenheid van God (sien Belydenis van Atanasius artt 3, 4, 6, 7, 9-20, 25-27). Die Kerkraad krenk reg deur te besluit dat dr Vermeulen nieteenstaande hierdie dwaalleer (*Die Kerkblad*, Augustus 2004) tog die belydenis ten opsigte van die Tweede Gebod onderskryf.
- 2.2.7.3 Appèlgrond 3: Dr Vermeulen se gepubliseerde siening (*Die Kerkblad*, Augustus 2004) oor Jesusfilms wat nie die Tweede Gebod oortree as Christus deur 'n akteur afgebeeld word nie, bots met die Skrif en ons Belydenis ten opsigte van die eenheid van Christus se twee nature. Die Kerkraad krenk reg deur te besluit dat dr Vermeulen nieteenstaande hierdie dwaalleer (*Die Kerkblad*, Augustus 2004) tog die belydenis ten opsigte van die Tweede Gebod onderskryf.
- 2.2.8 Klassis Lydenburg oordeel op 20 September 2005 dat die Appèl nie slaag nie, aangesien die Appèl op aannames berus en regskenking nie bewys word nie.
- 2.2.9 Br Kruger appelleer teen die uitspraak van die Klassis na die Oostelike Partikuliere Sinode. In sy Appèl stel hy drie gronde
- 2.2.9.1 Appèlgrond 1: Enige afbeelding van die menslike natuur (en Goddelike natuur) van Christus bots teen die Skrif en ons Belydenis. Dr Vermeulen se gepubliseerde standpunt oor die Jesusfilm is: "Daarom is ek van oortuiging dat die Tweede Gebod nie oortree word nie". Die Klassis krenk reg onder die beginsels van KO, artt 16, 23, 55 en NGB, art 30 omdat hierdie gepubliseerde dwaalleer van dr Vermeulen steeds staan ten spyte van bewyse dat dit in botsing met die Skrif en ons Belydenis is.
- 2.2.9.2 Appèlgrond 2: Dr Vermeulen se gepubliseerde siening (*Die Kerkblad*, Augustus 2004) oor Jesusfilms wat nie die Tweede Gebod oortree as Christus deur 'n akteur afgebeeld word nie, bots met die Skrif en ons Belydenis ten opsigte van die 3-

eenheid van God (sien Belydenis van Atanasius artt 3, 4, 6, 7, 9-20, 25-27). Die Klassis krenk reg deur te besluit dat hierdie gepubliseerde dwaalleer (*Die Kerkblad*, Augustus 2004) nie regs krenking itv die Skrif en Belydenis regverdig nie.

- 2.2.9.3 Appèlgrond 3: Dr Vermeulen se gepubliseerde siening (*Die Kerkblad*, Augustus 2004) oor Jesusfilms wat nie die Tweede Gebod oortree as Christus deur 'n akteur afgebeeld word nie, bots met die Skrif en ons Belydenis ten opsigte van die eenheid van Christus se twee nature. Die Klassis krenk reg deur te besluit dat hierdie gepubliseerde dwaalleer (*Die Kerkblad*, Augustus 2004) nie regs krenking itv die Skrif en Belydenis regverdig nie.
- 2.2.10 Oostelike Partikuliere Sinode van November 2005 bevind dat hulle nie br Kruger se Appèl kan hanteer nie, aangesien daar dan op die klag as sodanig ingegaan moet word. Laasgenoemde is volgens die Partikuliere Sinode onmoontlik aangesien die betrokkenes afwesig is en 'n klag nie tuishoort op die tafel van 'n Ssinode nie. Die Partikuliere Sinode wys br Kruger op die liefdesweg om sy klag te hanteer, naamlik om met 'n Beswaarskrif oor die uitspraak ten opsigte van sy klag na Gereformeerde Kerk Witbank te gaan.
- 2.2.11 Br Kruger appelleer teen die uitspraak van Oostelike Partikuliere Sinode na Nasionale Sinode 2006.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Versoek van die appellant*

Tydens die gesprek met die appellant het dit duidelik geword dat die een Appèlgrond wat hy in sy Appèlskrif noem, eintlik vier Appèlgronde is en as sodanig behandel behoort te word. Die appellant versoek dat die Tweede Grond van sy Appèl geskrap word. Gevolglik rus die Appèl op drie gronde, wat in die Appèlskrif aangedui is as (a), (c) en (d).

Besluit: Kennis geneem.

3. Die Sinode besluit

3.1 *Eerste Appèlgrond*

3.1.1 Beredenering

3.1.1.1 *Die appellant se beswaargrond en motivering*

Die appellant betoog dat die Partikuliere Sinode reg krenk omdat hulle die gronde van sy Appèl as 'n klag beskou, terwyl dit nooit sy bedoeling was om dit as 'n klag te stel nie (2.1, Appèlgrond 1(a)).

Die appellant stel as motivering dat dit nooit sy bedoeling was dat die Partikuliere Sinode die klag teen dr Vermeulen moes behandel nie. Hy wil slegs aantoon dat die gronde van sy klag gewig dra. Dit is volgens hom egter nie deur die Kerkraad beantwoord nie, wat tot gevolg het dat sy reg geskrenk is. Indien sy Appèl by die Partikuliere Sinode sou slaag, sal die effek syns insiens wees dat die Kerkraad die klag ter tafel moet neem en die gronde wat daarin vervat is, moet beantwoord (2.2.1.1).

3.1.1.2 *Oorweging van die beswaargrond en motivering*

Uit die skriftelike betoog van die appellant, wat ook mondeling tydens die gesprek met hom en die toeligter van die Partikuliere Sinode bevestig is, is dit duidelik wat sy bedoeling met die Appèl is. Hy wil dat die Kerkraad van Witbank 'n behoorlik gemotiveerde antwoord op sy klag teen dr Vermeulen gee. In die *inleiding* van sy

Appèlskrif aan die Partikuliere Sinode (net soos in die inleiding van sy Appèlskrif aan die Klassis), waarin hy die agtergrond van sy Appèl skets, stel hy uitdruklik dat die Kerkraad in gebreke gebly het om 'n behoorlike uitspraak oor die klag te doen. In die *gronde en motiverings* van sy Appèlskrif na Sinode 2006 verwys die appellant egter nie na die vermeende onreg wat die Kerkraad hom aangedoen het deur sy klag nie na behore te beantwoord nie. In die gronde en motiverings van sy Appèl na Sinode 2006 verskaf die appellant wel drie gronde waarin hy die inhoud van die klag wat by die Kerkraad gedien het, as motivering vir regskenking aanbied. Sodoende het hy die sake in sy Appèlskrif omgeruil, wat tot gevolg het dat die inleiding moontlike gronde vir regskenking bevat, maar die gronde self inderdaad op die materie van die saak, wat by die Kerkraad tuishoort, ingaan. Die Partikuliere Sinode se beoordeling dat die appellant se Appèlgronde inhoudelik op 'n klag dui en geen regskenking bewys nie, is derhalwe korrek.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2 Bevinding

Regskenking is nie bewys nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Tweede Appèlgrond*

3.2.1 Beredenering

3.2.1.1 *Die appellant se beswaargrond en motivering*

Die appellant voer aan dat die Partikuliere Sinode sy reg krenk omdat die Kerkraad van Witbank se versuim om nie die reeds genoemde klag teen die predikant te beantwoord nie, daartoe lei dat regspraak, wat God se eer betref, in die lug bly hang (2.1 Appèlgrond 1(c)).

Die appellant stel as motivering dat die Kerkraad se behandeling van die klag bedenklik is en daar in sy gemoed vrae oor die onpartydigheid van die Kerkraad in die hantering van die klag is. Verder meen die appellant dat 'n beswaar teen die bestaande Kerkraadsbesluit geen nut sal hê nie, aangesien die Kerkraad so 'n beswaar ooreenkomstig KO, art 46 onontvanklik sal verklaar. Volgens hom is die enigste manier om die Kerkraad te dwing om die beswaar te hanteer, 'n regsuitspraak van 'n meerdere vergadering. Die Klassis sowel as die Partikuliere Sinode bly egter in gebreke om sodanige uitspraak te lewer, wat tot gevolg het dat die saak in die lug bly hang (2.2.3.1).

3.2.1.2 *Oorweging van die beswaargrond en motivering*

Die appellant verwag van die meerdere vergadering (aanvanklik die Klassis, en later die Partikuliere Sinode) om die Kerkraad van Witbank se versuim om sy klag teen die predikant te beantwoord, te hanteer. Die swaartepunt van vermeende regskenking lê egter by die Kerkraad – soos wat die appellant dit self in sy Appèlgrond stel. Nie die Klassis of die Partikuliere Sinode nie, maar die Kerkraad het na die mening van die appellant versuim om sy klag nie te beantwoord nie en sodoende die regspraak in die lug laat hang. Intussen verskuif die appellant die gebrek aan die lewering van regspraak vanaf die Kerkraad na die Partikuliere Sinode.

Inderwaarheid het die Partikuliere Sinode nie versuim om reg te spreek nie. Inteendeel, die Partikuliere Sinode het uitgespreek dat die Appèl teen die Klassis inderwaarheid 'n klag is, en dat ooreenkomstig KO, art 30 die regte adres waar daardie klag gelê moet word die Kerkraad van Witbank is. Die appellant se oordeel dat dit sinneloos is om 'n beswaar ooreenkomstig KO, art 46 by die Kerkraad in te dien, asook die mening dat die Kerkraad se optrede bedenklik is en daar moontlik van partydigheid sprake kan wees, berus alles op die appellant se gevoelens en word nie bewys nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.2 Bevinding

Regskrenking is nie bewys nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Derde Appèlgrond*

3.3.1 Beredenering

3.3.1.1 *Die appellant se beswaargrond en motivering*

Die appellant stel dat die Partikuliere Sinode, gemeet aan KO, artt 16, 23 en 55 asook NGB, artt 7 en 30 reg krenk omdat daar 'n situasie in die openbare kerklike publikasie bestaan en gaan voortduur waar dit voorkom asof die Woord nie genoegsaam is om aan ons volledig te beskryf wat die korrekte inhoud van ons diens aan God ook in terme van die tweede gebod moet wees nie (2.1 Appèlgrond 1(d)).

In 'n breedvoerige motivering wys die appellant aan die hand van Skrif en Belydenis op die duidelikheid van God se eis in die Tweede Gebod, asook die erns van die dwaling waaraan dr Vermeulen hom in *Die Kerkblad*-artikel skuldig maak (2.2.4.1-2.2.4.3). Die appellant onderstreep eweneens die belang van diepgaande studie oor die onderwerp (2.2.4.4). Hy noem dat die Kerkraad die saak op 'n ordelike manier ter tafel moet neem (2.2.4.5) en dat die Partikuliere Sinode deur sy Appèl af te wys – versuim om die behandeling van die klag weer op 'n regte spoor te bring (2.2.4.6).

3.2.3.1 *Oorweging van die beswaargrond en motivering*

Net soos in Appèlgrond 2, verskuif die appellant die versuim om te handel vanaf die Kerkraad na die Partikuliere Sinode. Die hantering van belangrike Skrif- en Belydenisgegewens mbt die verstaan en uitleef van die Tweede Gebod, soos deur die appellant aangehaal, moet op die Kerkraadstafel dien en deur die Kerkraad behandel word. Die appellant bevestig dit self. Deur die Appèl af te wys het die Partikuliere Sinode nie nagelaat om die behandeling van die klag 'op 'n regte spoor te bring nie'. Soos onder beswaargrond 2 reeds vermeld is, het die Partikuliere Sinode die korrekte pad vir die appellant aangewys deur sy aandag daarop te vestig dat die saak by wyse van 'n Beswaarskrif aan die adres van die Kerkraad gedien kan word.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.4 Bevinding

Regskrenking is nie bewys nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.5 Aanbeveling

Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Goedgekeur.

4. **Aanbeveling**

4.1 Die Appèl slaag in sy geheel nie.

4.2 Die besluit van Oostelike Partikuliere Sinode word bevestig, met name 5.2 (Acta Oostelike Partikuliere Sinode 2005, artikel 37) waarin die appellant op die liefdesweg vir die hantering van sy klag gewys word.

Besluit: Goedgekeur.

Die Sinode gaan uit camera.